


# St. Oscar Romero

## 24 Maart

(1917-1980)

Hy is gebore in die Sentraal- Amerikaanse republiek van El Salvador waar hy sy hele lewe sou deurbring. Hy word priester en in 1977 word hy aangestel as aartsbiskop van die hoofstad San Salvador. Ná jare van diktatorskap is die land regeer deur 'n regse militêre junta wat in 'n burgeroorlog gewikkel was met linkse groepe. Die armes en kwesbares het die meeste gely onder al die menseregte vegrype wat plaasgevind het. Aartsbiskop Romero word die stem van die stemlose en gebruik sy weeklikse homilieë oor die radio om die regering aan te vat oor hul gewelddadige en onderdrukkende regime. Hy begin doodsdreigemente te ontvang maar weier om stil te bly. In 1980 word hy deur 'n onbekende sluipmoordenaar om die lewe gebring terwyl hy besig was om die Heilige Mis te vier. Hy word vereer as martelaar en in 2018 is hy deur pous Franciskus tot heilige verklaar.

© Die Oratorium Uitgewery